SOSIOLOGIE

Skool vir Sosiale en Owerheidstudies

• Ons doen dit reg • Re dira sentle • Getting it right

NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Welkom by Sosiologie!

Hier by die PUK is die dosente van voornemens om Sosiologie te ontwikkel tot 'n vak wat studente graag sal wil neem. Studente sal dit beleef as 'n vak wat aan hulle voorpunt-kennis en vaardighede bied wat hulle toerus om 'n sinvolle bydrae in 'n snel veranderende wêreld, veral ook in Suid-Afrika, te lewer. Sosiologie gaan aan studente kundigheid, analitiese vermoëns en navorsingsvaardigheid bied wat hulle gesog in die arbeidsmag sal maak of in die vermoë sal stel om onafhanklik daarin te werk.

Wat is Sosiologie?

In die breedste sin van die woord is Sosiologie die studie van die samelewing en die interaksie tussen mense.

Meer spesifiek bestudeer die Sosiologie op wetenskaplike wyse:

- die spektrum van menslike interaksie; van die harmoniese (orde) tot die konflik-verhoudinge (wanorde) ,
- die aard van menseverhoudinge; van die mees informele tot die formele en organisatoriese verhoudinge ,
- alle sosiale strukture, instellings en aspekte van die samelewing, byvoorbeeld die gesin, politiek, ekonomie, godsdiens, media, gesondheidsorg, sport, gender, identiteit, ens
- sosiale vraagstukke en probleme; sosio-ekonomiese ongelykheid, uitbuiting, misdaad, armoede, ontwikkelingsknelpunte, oorlog, konflik en vlugtelingskap, MIV/VIGS, ens.

Hoekom Sosiologie neem?

Ongeag wat jy studeer sal Sosiologie jou vermoë ontwikkel om menseverhoudinge en die funksionering van die samelewing te analiseer, ontleed, beskryf en verklaar.

Sosiologie is veral vir studente wat in die volgende rigtings belangstel onontbeerlik:

- Sosiale navorsers en analiste
- Projekbestuurders, -ontleders en evalueerders
- Arbeidsverhoudinge onderhandelaars
- Beplanners en ontwikkelaars
- Bestuurders
- Impakstudienavorsers
- Kommunikasiekundiges
- Maatskaplike Werkers
- Bevolkingskundiges
- Staatsdiens personeel
- Menslike Hulpbronbestuurders
- Politici
- Sielkundiges
- Verpleegkundiges

Die Sosiologie se voorgraadse modules behels die volgende:

SOSL111: Inleiding tot Sosiologie: Basiese konsepte
SOSL121: Inleiding tot Sosiologie: Instellings en temas
SOSL122: Inleiding tot Suid-Afrika: 'n Sosiologiese perspektief
SOSL211: Suid-Afrika: Kultuur, kultuur verskeidenheid, lewensvisie en volhoubare ontwikkeling
SOSL212: Afrika- en Westerse kultuur: 'n vergelyking
SOSL221: Suid-Afrika: Sosiale verandering: Inleiding A
SOSL222: Suid-Afrika: Sosiale verandering; Inleiding B
SOSL311: Suid-Afrika: Ontwikkelingsagterstande: Inleiding A
SOSL312: Suid-Afrika: Ontwikkelingsagterstande: Inleiding B
SOSL321: Suid-Afrika: Volhoubare sosiale ontwikkelingstrategieë: Inleiding A
SOSL322: Suid-Afrika: Volhoubare sosiale ontwikkelingstrategieë: Inleiding B

Nagraadse programme:

- Hons BA Sosiologie
- Hons BA (Ontwikkeling en Bestuur: Volhoubare Ontwikkeling)
- MA (Verhandeling)
- MA Volhoubare Ontwikkeling met spesialisasie in Ontwikkeling (Gestruktureerde meestersgraad)
- PhD (Proefskrif)

KONTAKBESONDERHEDE:

Kontak: Prof. Freek Cronje
Tel: +27 (0)18 299 1753
Gebou F13 Kamer 121

Kontak: Prof. Johan Zaaiman
Tel: +27 (0)18 299 1627
Gebou F13 Kamer 117

Kontak: Me. Tessa Dooms
Tel: +27 (0)18 299 1748
Gebou F13 Kamer 122

Kontak: Mnr. Jacques Rothmann
Tel: +27 (0)18 299 1595
Gebou F13 Kamer 120